

19 November

In hierdie wêreld bevredig niks nie

Skrifgedeelte: Prediker 2:1-11 (NAV)

Fokusgedeelte: Prediker 2:1, 11

Salomo wou met hierdie boek vir Israel, wat op daardie tydstip 'n roemryke periode beleef het, leer dat sukses en voorspoed baie maklik kan verdwyn. Sukses en voorspoed is nie dinge wat die mens moet aanhang nie, maar wel om God beter te leer ken. Dit alleen kan ware en blywende bevrediging bring.

Salomo praat hier uit ondervinding, want ook hy het in sy lewe bevrediging in ander dinge gaan soek. In vers 1 lees ons dat hy hom oorgegee het aan plesier deur 'n klomp dinge aan te pak en hom niks te ontsê nie. Helaas, in vers 11 lees ons van Salomo se teleurstelling. Na al die inspanning en harde werk het hy goed gaan nadink oor alles wat hy gedoen het. Hy kom tot die teleurstellende gevolgtrekking dat alles waarmee hy hom sy lewe lank mee besig gehou het, op niks uitgeloop het en 'n gejaag na wind was. Hy besef aan die einde dat al die dinge hier op aarde hom nie kon bevredig nie.

Kom ons leer elkeen uit Salomo se lewe dat plesier geen blywende bevrediging kan bied nie! Ons moet dus versigtig wees om God nie met plesier te vervang nie. Het ons nie baie keer tyd om te gaan fliiek, te gaan kuier en dinge soos rugby te gaan kyk nie? Sondag is die kerk egter leeg, of daar is nie tyd om die Bybel te lees nie of vir persoonlike Bybelstudie nie, want ons is te moeg, omdat ons ons lewens te veel geniet. As dit die geval is, gaan ons ook maar aan die einde van ons lewens sê: "My lewe was 'n gejaag na wind, want in hierdie wêreld bevredig niks nie."

Sing: Psalm 42:1, 7

Ds AN du Plessis (Postmasburg)